

VAN WERKLIKHEID TOT WERKLIKHEID:

Die interpretasie en interkulturele kommunikasie van Nuwe- Testamentiese waardes

S J Joubert
Universiteit van Pretoria

Abstract

The aim of this essay is twofold, namely (a) to analyse the basic New Testament values, and (b) to investigate the possibilities and problems facing any legitimate effort to 'translate' and apply these values in a changing South Africa. A brief definition of values is first of all presented. The basic moral values of the first century Mediterranean world and the New Testament are then investigated from an anthropological perspective, and on a high level of abstraction. After describing typical Western values, a brief comparison between Mediterranean and Western values is undertaken. The outlines of a possible intercultural communication model is also presented which would allow for comparison between different cultures. General implications of New Testament values for the South African society in general, and for Biblical Studies in particular, conclude the essay.

1. Inleiding

'Die werklikheid, die realiteit, die wêreld', of watter dergelike begrippe ook al gebruik word ter tipering van die lewensruimtes waarbinne individue en gemeenskappe hulleself bevind, is sosiale konstrukte. Daar bestaan met ander woorde nie iets soos 'n oorkoepelende, neutrale werklikheid wat onafhanklik van menslike waarneming, interpretasie en intervension sou ontstaan het, of tans bestaan nie. Aan die hand van persone en groepe se basiese wêreldbeskouinge word die gegewe realiteit waarbinne hulle hulleself bevind, telkens op verskillende wyse benader en eventueel binne 'n bepaalde sosiale leefwêreld, met eiesortige waardes en norme, gebruik, simbole, instellings, rituele en 'n eie verbale *repertoire*, vergestalt.

Na die mate waarin individue se persepsies van die realiteit met dié van ander individue oorvleuel, vorm hulle, uiterraard op verskillende vlakke van abstraksie, deel van groter groeperinge of gemeenskappe. Die mees basiese vlak waarop mense gewoonlik saamgroepeer, is op primêr wêreldbeskoulike vlak waarbinne daar in 'n groot mate eenstemmigheid bestaan oor bepaalde konseptualisasies van die realiteit, asook oor die gepaardgaande gedragskodes of waardesisteme ter bepaling en

regulering van hul gedrag (Kraft 1979:53; Wendland 1987:7). Die somtotaal van mense se implisiete en eksplisiete waardes, norme, gesindhede, rolle, interpersoonlike optredes, taal en gedragspatrone, bind hulle sodoende in 'n kulturele verband saam.

Aangesien groepe hul lewens dikwels ooreenkomsdig uiteenlopende waardebepaalde reëls organiseer en inrig, is die oordrag van kennisinhoude en betekenis op verbale en nie-verbale vlak tussen verskillende kulturele groeperinge 'n redelik problematiese aangeleentheid (Johnstone 1986). Weliswaar bestaan daar raakpunte en oorvleuelings tussen verskillende kulturele groepe, onder meer ten opsigte van bepaalde belewenisse en interpretasies van die werklikheid - anders sou alle vorme van interkulturele kommunikasie by voorbaat tot mislukking gedoem wees. Maar tog bestaan daar dikwels ook groot verskille op:

- (a) die vlak van taal, as 'n kultureel bepaalde, gedeelde stel arbitrêre simbole of kodes, aan die hand waarvan betekenisse telkens aan groepslede oorgedra word;
- (b) op die vlak van waardestelsels (vgl verder aan);
- (c) op die vlak van interpersoonlike kontak, vanweë uiteenlopende opvattings oor die strukturering van sosiale posisies en rolle;
- (d) op die vlak van kommunikasie-inhoude, vanweë verskillende persepsies oor die aard en betekenis hiervan (Sarbaugh 1988:13-22).

Genoemde faktore, wat dikwels inhiberend op die oordrag van betekenisse in die proses van interkulturele kommunikasie inwerk, hou uiteraard belangrike implikasies vir die verstaan van die Nuwe Testament (by name) deur moderne lesers en lesersgemeenskappe in. In hierdie verband is dit veral belangrik dat die groot kultureel-historiese afstand tussen die wêreld waarbinne hierdie antieke tekste ontstaan het en huidige kulturele kontekste deeglik verdiskonter moet word. Indien genoemde aspekte negeer sou word, kan die lees en bestudering van die Nuwe Testament maklik in 'n etnosentriese en anakronistiese oefening verval waar die tekstuele gegewens telkens vanuit ons moderne kulture met hul eisoortige aannames, vraagstukke en gebruikte geïnterpreteer word, en ook as direk relevant ten opsigte hiervan beskou word.

Ter illustrering van die kulturele bepaaldheid van waardesisteme en waardes word voorts oorsigtelik (en op verskillende vlakke van abstraksie) gefokus op die vernaamste waardes in die Mediterreneense wêreld tydens die eerste eeu na Christus waarbinne die Nuwe-Testamentiese dokumente hul beslag gekry het. Enkele implikasies ten opsigte van die kommunikasie van Nuwe-Testamentiese waardes binne die Suid-Afrikaanse konteks in die algemeen, en ten opsigte van die aanbieding van Bybelkunde in die besonder, sal ook aan die orde gestel word. Maar eers moet ons duidelikheid hê oor wat presies met waardes bedoel word.

2. Wat is waardes?

Literatuur wat betrekking het op die definieer en beskrywing van waardes is byna onoorsigtelik. Vanuit 'n fenomenologiese perspektiefoordeel Scheler ([1874-1928]

1973) byvoorbeeld dat waardes te make het met die kognitiewe ervaring en beoordeling van objekte ooreenkomstig bepaalde voorkeure en afkeure. Walhout (1978:50-51)oordeel weer vanuit 'n filosofies-perfektivistiese perspektief dat waardes veral verband hou met die vervulling van behoeftes op biologiese, geestelike, individuele en sosiale vlak. Vanuit verskillende ekonomiese, sosiale, filosofiese en psigologiese perspektiewe tref ons nog 'n legio definisies van waardes aan (Stallmann 1978; Rose 1985; Trusted 1987). 'n Benadering tot waardes wat egter groot byval onder navorsers gevind het, is dié van Rokeach (1973:6-21). Hy definieer waardes as:

... an enduring belief that a specific mode of conduct or end-state of existence is personally or socially preferable to an opposite or converse mode of conduct or end-state of existence. A value system is an enduring organization of beliefs concerning preferable modes of conduct or end-states of existence along a continuum of relative importance.

Waardes het te make met basiese opvattinge waarvolgens bepaalde gedragsvorme en/of bestaanswyses deur individue en groepe beoordeel en nagevolg word in terme van hul aanvaarbaarheid/wenslikheid al dan nie. Hierdie beoordeling en uitlewing van sekere gedragsvorme en bestaanswyses weerspieël onderliggende wêreldebekoulike opvattinge en persepsies. Mense se waardes bepaal ook hul gesindhede jeens spesifieke objekte en situasies, asook hul evaluerings, norme en standarde. Oor die algemeen varieer waardes van persoon tot persoon en van groep tot groep met betrekking tot die aard, wyse en omvang van hul aanvaarbaarheid. Terselfdertyd geld waardes ook op verskillende vlakke van die menslike eksistensie ter regulering van die totale waarneembare en nie-waarneembare realiteit met sy vertikale en horizontale dimensies.

3. Waardes in die Mediterreense wêreld van die eerste eeu na Christus

Heelwat navorsing is gedurende die afgelope jare deur akademici gedoen in verband met die lewenswyses en waardesisteme van die mense in die Mediterreense wêreld; dit is die lande in Europa, Noord-Afrika en die Midde-Ooste rondom die Middelandse See (Saunders 1981; Malina 1981; Gillmore 1982). Hoewel dit uiteraard 'n oorvereenvoudiging is om van die Mediterreense wêreld te praat asof al die groepe in hierdie wêreld gedurende die eerste eeu na Christus 'n homogene kultuur gehad het, sou 'n mens tog op 'n hoëvlak van veralgemening en abstraksie bepaalde ooreenkomste kon uitsonder wat deur die meerderheid etnies-kulturele groeperinge hierbinne gedeel is, sodat ons wel van 'n 'tipiese eerste eeuse Mediterreense kultuur' kan praat (Malina 1989a:5).

Eer en skaamte was die vernaamste morele waardes in die eerste eeuse wêreld (Gillmore 1987:3). Pitt-Rivers (1974:21) definieer eer as volg:

Honour is the value of a person in his own eyes, but also in the eyes of his society. It is his estimation of his own worth, his claim to pride, but it is also

the acknowledgement of that claim, his excellence recognized by society, his right to pride.

Die behoud van 'n persoon se goeie naam binne die groep waartoe hy/sy behoort het, was allesoorheersend van aard. 'Korrekte' publieke gedrag was daarom baie belangrik, want dit het individue se gesindhede eksplisiet vergestalt; hetsy as sou bepaalde gedragswyses en uitsprake op eer en erkenning aanspraak maak, hetsy as sou bepaalde vorme van gedrag as skandelik geïnterpreteer word. Individualisme (en introspeksie) was totaal vreemd aan die eerste eeuse Mediterreense wêreld. Die enigste legitieme rolvervulling wat vir die enkeling in dié tyd beskore was, was om hom/haar met die waardes en gebruikte van die groep waartoe hy/sy behoort het te identifiseer en sodoende as 'n eerbare persoon beskou te word, of dit te oortree of te verwerp, en tot skande te kom.

Sensitiwiteit en vrees vir die morele oordeel van die gemeenskap, as eksterne outoriteit, het as 't ware 'n 'skaamte-kultuur' (*shame culture* - Heller 1985:1-8) in die eerste eeuse wêreld tot gevolg gehad. Die voortdurende vrees om deur die gemeenskap verwerp te word, het mense met ander woorde met groepsnorme laat konformeer. Gemeenskappe se reëls was oor die algemeen homogeen. Rolle was stereotiep en hiërargies bepaald en weinig aanpassings is oor lang tydperke hieraan aangebring. Eer is ook met geslagsrolle, met manlikheid, by name (*machismo* - Gilmore & Gilmore 1979) geassosieer. Dit was mans se taak om die eer van hul families, as die vernaamste sosiale instelling in die eerste eeu, na buite te verdedig en te handhaaf (onder meer deur middel van arbeid, deelname aan kultiese bedrywighede, openbare gedrag, ensovoorts), terwyl vroue se eer in die interne instandhouding van hul huishoudings geleë was (Malina 1989b). Vele ander waardes rondom die strukturering en regulering van gedrag binne familieverband (in terme van die gemelde eer/skaamte-tipologie) het die Mediterreense wêreld gekenmerk, onder meer dat lewenskwaliteit in terme van die goeie naam van die familie bepaal is (let wel: nie deur die omvang van hul materiële besittings nie), dat materiële middele nie aan individue nie, maar aan die familie behoort het en ook ten dienste van alle familielede aangewend moes word, dat hiërargie en senioriteit binne die familie te alle tye gerespekteer moes word, ensovoorts.

Alle sosiale instellings binne die eerste eeuse wêreld was hiërargies gestruktureerd. Met ander woorde, dit is gekenmerk deur 'n rangorde van posisies, wat uiteraard deur 'n groot aantal waardes gelegitimeer en in stand gehou is. Persone wat oor mag beskik het, soos koninklikes, priesters en grondbesitters, het die grootste aanspraak op eer gehad. Godsdienst het veral ook 'n prominente rol in die eerste eeu gespeel. Dit was egter ingebed binne die groep waartoe die individu behoort het, sodat die godsdienstige waardes van die groep die individu se grondoortuigings bepaal het. Godsdienstige affiliate was nie 'n vrywillige aangeleentheid nie, en het ook nie veel met die subjektiewe oriëntasie van die individu te make gehad nie (Malina 1988:94). As groepsaktiwiteit het godsdienst wel belangrike implikasies ingehou ten opsigte van groepe/families se aansprake op beskerming deur hul godheid, asook ten opsigte van die afbakening en 'bewoonbaarmaking' van hul sosiale leefruimte in terme van kategorieë soos rein/onrein, heilig/onheilig, asook in terme van die 'grense'

waarbinne groepslede legitiem kon handel, al dan nie. Oortreding van die groep se religieuse norme was 'n oortreding teen hul godheid self, en is as skandelike gedrag (sonde) beskou (Heller 1985:9).

4. Nuwe-Testamentiese waardes

Op 'n hoë vlak van veralgemeining reflektereer die Nuwe-Testamentiese geskrifte dieselfde oorkoepelende Mediterreense waardes, soos eer en skaamte, 'n groot klem op groepsgebondenheid, die vertikale stratifikasie van waardes en sosiale rolle, die ingebedheid van godsdienst binne groepsverband, en dies meer. Tog moet egter ook bygesê word dat die onderskeie Nuwe-Testamentiese dokumente op teksvlak eiesoortige, en dikwels ook uiteenlopende perspektiewe ten opsigte van bovermelde, en ander waardes weerspieël.

Eer en skande figureer prominent in die Nuwe Testament, en word deurgaans ten nouste aan die persoon en optrede van Christus gekoppel; onder meer aan sy vrywillige prysgawe van sy eervolle pre-eksistente bestaanwyse, sy volledige aanname van 'n swakte menslike bestaanwyse (vgl bv die inkarnasie-Christologie van Flp 2:6-11), en sy kruisiging. Op grond hiervan word by wyse van verskeie kultureel bepaalde metafore aangetoon dat Jesus se naam in ere herstel is deur sy opstanding uit die dood en hemelvaart: hy ontvang byvoorbeeld 'n nuwe naam voor wie almal in die kosmos moet buig (Flp 2:9-11), hy sit nou aan God se regterhand (Hd 2:33), hy heers oor die ganse kosmos, insluitende die bose magte (Kol 1:15-20), ensovoorts.

Na analogie van Christus se optrede word 'n groot aantal waardes in die Nuwe Testament uitgestippel wat verband hou met die legitimering en regulering van die vroeë Christelike gemeenskappe se gedrag. Binne hierdie gemeenskappe, wat in reaksie op die prediking van die eerste rondreisende Christen sendelinge tot stand gekom het, word die vernaamste (morele) Mediterreense waardes 'eer en skaamte' met nuwe inhoud geval:

- (a) Wat individue se basiese oriëntering betref, behels eervolle gedrag nou die vrywillige en volledige prysgawe van vroeëre familie- en groepsbelange ter wille van die saak van Christus (Mk 3:31-35; Lk 14:25-33; Flp 3:3-14). Hierdie eksklusiewe waardestelsel het volgens die Nuwe-Testamentiese skrywers verrekende implikasies ten opsigte van gelowiges se betrokkenheid by hul bestaande familieverhoudinge, asook ten opsigte van ander sosiale instellings (Mt 6:19-34; Lk 12:49-53).
- (b) Aansluiting by die Christelike gemeenskappe, as 'nuwe (fiktiewe) families in Christus' (vgl bv Paulus se familietaal en tipiese patriargale gedrag in 1 Kor 4:14-21; 2 Kor 8 en 9 en Flm), geld as eervolle gedrag in God se oë (Ef 2:13-22; Hd 14:12; Rm 6:8).
- (c) Wat onderlinge gedrag binne die gemeentes betref, definieer deelname aan hul aktiwiteit (Heb 10:25), en gehoorsaamheid aan hul voorskrifte (1 Kor 14:26-39; Tt 3:1-11) nou eervolle gedrag. Dit omvat aspekte soos onderlinge mededeelsaamheid ten opsigte van materiële besittings (Hd 2:43-47), vermyding van alle vorme van selfgesentreerdheid (Rm 12:9-21; Flp 2:1-5) en materialisme (Lk 12:13-34),

dienstewerking aan, en lojaliteit jeens medegelewiges (Mk 10:43-45; Jh 13:12-17), die handhawing en verdediging van die gemeenskap se reëls (Mt 18:15-20; 1 Kor 5:1-5), asook respek vir die hiérargiese en patriargale gemeentestruktuur (1 Kor 11:2-16; 1 Tm 5:17-20). Verwerpning van die gemeenskap se voorskrifte, hetsy deur middel van die verkondiging van ander norme en reëls (Gl 1:6-9; 3:15:12), hetsy deur middel van gedrag wat strydig met dié van die gemeente is (Jd 3:16), is as 'n bedreiging vir laasgenoemde se goeie naam, en dié van God beskou. Genoemde tipe gedrag is daarom as sonde getypeer wat bekamp moes word (Joubert 1990).

(d) Wat gedrag na buite betref, geld die handhawing van God en die gemeentes se goeie naam as primêre waarde (Flp 2:12-18; 1 Pt 2:11-25). Respek vir bestaande sosiale instellings en vir mense in magsposisies word ook (onder normale omstandighede?) vereis (Rm 13:1-7; 1 Tm 2:2).

Die vroeg-Christelike gemeenskappe se waardestelsels reflektereer duidelike pogings om vanuit hul verbondenheid aan die saak van Christus die bestaande realiteit(e) waarbinne hulle hulself bevind het te herinterpretier en 'verstaanbaar' te maak. Aan die hand van gemelde, en ander, waardes is die vertikale en horizontale realiteit so afgebaken, dat alle objekte, persone en gebeure hierbinne geklassifiseer is in terme van kategorieë soos heilig/onheilig en rein/onrein. Die enigste legitieme rolvervullings wat vir individue beskore was, was om hul met hierdie waardegeoriënteerde klassifikasies te identifiseer (= eerbare gedrag voor God en die gemeentes), of dit van die hand te wys en tot skande in die oë van God te kom (May 1987; Malina & Neyrey 1988, en Moxnes 1988 vir verdere besprekings van die 'eer/skaamte' tipologie en ander waardes in die Nuwe Testament).

5. Waardes en die Suid-Afrikaanse konteks

5.1 Westerse waardes

Indien ons kurseries, en op 'n hoë vlak van abstraksie, na waardes in Westerse samelewings kyk (wat sosiale instellings soos die ekonomiese, die regstelsel, en in 'n baie geringer mate, die familie en die politiek (?)) binne die Suid-Afrikaanse samelewing kenmerk), is dit duidelik dat die beginsels van individualisme en gelykheid (meer korrek: die veronderstelde gelykheid van individue) grondliggend hieraan is. Alle interpersoonlike transaksies en verhoudinge binne byvoorbeeld die ekonomiese, die regstelsel en die familie word gereguleer deur die beginsel dat alle mense, afgesien van ras of geslag, gelykwaardig is. Die realiteit word dus (grootliks) horizontaal gestructureer, wat onder meer inhoud dat mense van kleins af gesosialiseer word om hulself as individue in eie reg te beskou, en dat die kwaliteit van hul lewens bepaal word deur selfrespek en individuele suksesse.

Die produksie en verbruik van goedere speel 'n kardinale rol in die Westerse samelewing. Arbeid, wat gewoonlik totaal verwyder staan van die individu se familie en persoonlike leefwêreld, word as edel beskou aangesien dit as 'n legitieme manier beskou word waarvolgens individue aan die hand van persoonlike vlyt en hardwerkendheid materiële welvaart (met sy vele simbole en gestaltes) kan bekom.

Status en mag word in terme van die omvang van die individu se materiële welvaart bepaal. Vele waardes wat verband hou met individue se rolvervullings, vermoëns en effektiwiteit ter verkryging van welvaart kenmerk sodoende alle Westerse samelewings (Okabe 1983, en Malina 1989b vir meer volledige besprekings van Westerse waardes).

Uit die oorsigtelike besprekings van die Mediterreense en Westerse waardes en gebruik blyk dit dat daar groot verskille tussen hierdie kulture bestaan. Die vernaamste verskille in hierdie verband kan as volg uiteengesit word:

Westerse wêreld

Individualisties

Persoonlike suksesse bepaal lewenskwaliteit

Verwerwing van materiële welvaart is primêr

Individue is gelykwaardig,
samelewing is horisontaal gestruktureer

Geslagsrolle is gelykwaardig

Welvaart behoort aan individue

Eerste eeuse Mediterreense wêreld

Diadies

Voldoening aan groepsverwagtinge bepaal lewens-kwaliteit (= eervolle gedrag)

Handhawing van groep se goeie naam, vermyding
van skaamte is primêr

Samelewing is hiërargies bepaal,
vertikaal gestruktureer

Manlike geslagrol is dominant

Welvaart behoort aan die groep

5.2 Veranderende waardes binne die Suid-Afrikaanse konteks

Vir 'n baie lang tyd het heersende Afrikanerwaardes, wat dié volk op maatskaplike, ekonomiese, staatkundige en kerklike gebied van ander volke 'afgesonder' het (Potgieter 1969:98-99), en wat wetlik deur die regstelsel en religieus-eties deur vele kerkleiers, kerke en teoloë gesanksioneer is, die Suid-Afrikaanse samelewing 'amptelik' gekenmerk. Opponerende interpretasies van die realiteit (in besonder rakende die status van individue voor die reg, die ekonomie en die staatsbestel) wat die strewes en kulturele waardes van die oorgrote deel van die bevolking beliggaam het, is meestal as illegitiem en as 'n bedreiging vir die voortbestaan van die

sogenaamde nasionale waardes beskou, wat wetlik en militêr teengestaan moes word.

Gedurende die afgelope jare het 'n merkbare verskuwing in denke oor die religieusetiese regverdiging en praktiese haalbaarheid van bestaande waardes egter binne die geledere van die vernaamste kulturele groeperinge in Suid-Afrika begin plaasvind, wat onder meer konkreet uitgekristaliseer het in die ontbanning van die ANC en ander verbode organisasies, openlike gesprekvoering tussen uiteenlopende politieke groeperinge, ensovoorts. Die soekes na 'n stel gemeenskaplike waardes wat die strewes van die oorgrote deel van die Suid-Afrikaanse samelewning kan beliggaam, kenmerk tans ook vele gesprekke in dié verband. Tydens die Parlementsopening op 2 Februarie 1991 het die Staatspresident byvoorbeeld 'n manifes van waardes daargestel wat na die oordeel van die politieke party waarvan hy die hoof is, gestalte sal gee. Binne onderwys- en regskringe en op ekonomiese gebied word tans ook ernstig gesoek na 'n waardestelsel en na gepaardgaande nuwe strukture ter vergestalting van 'n gemeenskaplike demokrasie in Suid-Afrika; so ook binne kerklik-teologiese kringe (Kinghorn 1990).

5.2.1 Die oordrag van Bybelse waardes binne die Suid-Afrikaanse konteks

Bybelse waardes (as primêre waardes aan die hand waarvan individue hul bestaan oriënteer) speel 'n kardinale rol binne die Suid-Afrikaanse konteks waar ongeveer 75% van die bevolking daarop aanspraak maak dat hulle Christene is. Weens die feit dat die Bybel egter dikwels in die verlede ter verdediging van die vooraf ingenome (politieke) standpunte van verskillende kulturele groeperinge misbruik is, is dit nie so maklik om Bybelse waardes tans op 'n verantwoorde wyse binne die Suid-Afrikaanse konteks tot spreke te bring nie. Die behoeftes aan interpretasies wat rekening hou met die kulturele werklikhede waaruit die Nuwe Testament (by name) voortgespruit het, asook met huidige realiteite, en wat terselfdertyd ruimte laat vir interkulturele vergelyking, is daarom baie groot. Enige sodanige interpretasie behoort ten minste aan die volgende vereistes te voldoen:

- (a) Dit moet duidelikheid hê oor die aard van relevansie van Nuwe-Testamentiese gegewens ten opsigte van hedendaagse situasies.
- (b) Dit moet rekening hou met die aktiewe rol van betekenisverlening aan die kant van huidige lezers/lesergemeenskappe in hul lees en bestudering van die Nuwe Testament (Pilch 1990; Smit 1991).
- (c) Dit moet rekening hou met die eerste eeuse Mediterreense kultuur waarbinne die Nuwe-Testamentiese dokumente geenkodeer is, sowel as met hedendaagse situasies waarbinne die op skrif gestelde boodskappe op hulle beurt weer gedekodeer moet word. Om Nuwe-Testamentiese waardes legitiem na 'n ontvangerkultuur oor te dra, vereis 'n grondige kennis van:
 - i. die wêreldbeskouinge/waardes van sowel die sender- as die reseptorkulture;
 - ii. die kognitiewe prosesse binne hierdie kulture;

- iii. die onderskeie taalsisteme (in terme van sosiale lokaliseerbaarheid, verskillende verbale repertoires, en tipiese kommunikasiestrategieë en tegnieke);
- iv. die sosiale strukture en vorme van sosiale interaksie hierbinne (Hesselgrave & Rommen 1989:203-211).

In die soek na gemeenskaplike waardes binne die veranderende Suid-Afrikaanse konteks bied eksplisiet verwoorde Bybelse waardestelsels, wat gelowiges se diepste oortuigings sinvol verwoord, 'n belangrike vertrekpunt. Slegs aan die hand van gedeelde waardesisteme kan nuwe samelewingsstrukture in elk geval met enige mate van sukses gebou word. Moralistiese voorskrifte en eise wat nie gegrond is op mense se diepste oortuigings nie, bied op die lange duur geen blywende oplossings nie. Daarom behoort die tema: 'Bybelse waardes' tans baie hoog op enige kerklik-teologiese agenda te wees.

Belangrike aspekte wat grondliggend aan enige eksplisiet verwoorde Christelike waardestelsel binne die Suid-Afrikaanse konteks behoort te wees (en wat myns insiens aan die eis van interkulturele relevansie kan voldoen), is die beklemtoning van die status, rol en verantwoordelikheid van die individu én die groep (lees: die geloofsgemeenskap) jeens God, mekaar en die samelewing. Waardes wat individue se gedrag (en ingesteldheid) binne plaaslike en groter geloofsgemeenskappe informeer en rig, moet veral prominent hierbinne figureer. Dit omvat fasette soos die status van mense binne hierdie gemeenskappe, die verantwoordelikhede van gelowiges jeens mekaar, die legitimiteit/illegitimiteit van persoonlike en gemeenskaplike gedrag in die oë van God, die sigbare vergestalting van die onderlinge verbandskap tussen gelowiges, ensovoorts. Die gestaltegewing van waardes wat betrekking het op gelowiges se optrede en verantwoordelikheid jeens die wêreld, en die daarstelling van regverdige samelewingsstrukture is uiteraard ook van wesenlike belang (Kinghorn 1990:105-153). Die voorafgaande aspekte behoort deurgaans ook in verband met die waardeoriëntasies van die betrokke individue gebring te word (veral in terme van hul selfverantwoordelikheid en selfvervulling) ten einde 'n sinvolle verinternalisering van genoemde waardes te verseker.

5.2.2 Bybelkunde en die kommunikasie van waardes

Die veranderende Suid-Afrikaanse scenario mag nie ongemerk by die aanbieding van Bybelkunde aan die verskillende opvoedkundige sentra in ons land verbygaan nie. Weens die feit dat hierdie vak huis verbind is aan sowel die Bybelse kontekste (vanweë sy bestudering van die Ou en Nuwe Testament), as aan die praktyk (weens sy beklemtoning van, en gerigtheid op die etiese en vormende dimensies van Bybelse leerinhoud), kan dit 'n substansiële bydrae lewer tot die huidige gesprek rondom die verwoording van Christelike waardes. Binne Bybelkundige leerplanne behoort daar dus ruimskoots aandag aan gemelde aspekte gegee te word. Deeglike kennisname van die sosiale kontekste waaruit die Bybelse dokumente voortspruit, met hul eiesoortige waardes, gebruikte en instellings is veral onontbeerlik in hierdie verband. Aan die hand van interkulturele kommunikasiemodelle moet studente ook vertroud gemaak word met die wyses waarop Bybelse waardes en norme legitim in die hede binne nuwe kontekste verwerklik kan word. Blootstelling aan die

vernaamste waardes van die onderskeie kulturele groeperinge binne die Suid-Afrikaanse konteks kan in hierdie verband veral ook bydra tot 'n bewuswording van eie kulturele vertrekpunte, wat studente terselfdertyd sensitief behoort te stem jeens oorvereenvoudigde, reglynige toepassings van Bybelse waardes op hedendaagse omstandighede.

6. Slot

Daar bestaan 'n groot behoefte aan kundige Bybellesers in Suid Afrika. Mense wat hierdie geloofsdocumente van die kerk verantwoordelik en lewensgetrou kan uitleef, kan ongetwyfeld 'n belangrike rol in die vormgewing van 'n 'nuwe realiteit' op alle samelewingsvlakke speel. Daarom moet Bybelkundiges hulle daarop toespits om studente so op te lei dat hulle nie alleen net oor die nodige akademiese vaardighede beskik nie, maar ook oor die vermoë om Bybelse inhoudsinnovasies te integreer binne hul persoonlike waardesisteme, en om aan hierdie waardes konkreet gestalte te gee.

BIBLIOGRAFIE

- Gilmore, D D 1982. Anthropology of the Mediterranean area. *Annual Review of Anthropology* 11, 175-205.
- Gilmore, D D 1987. Introduction: The shame of dishonor, Gilmore, D D (ed), in *Honor and shame and the unity of the Mediterranean*, 2-21. Washington D C: American Anthropological Association.
- Gilmore, M M & Gilmore D D 1979. 'Machismo': A psycho-dynamic approach (Spain). *Journal of Psychological Anthropology* 2, 281-300.
- Heller, A 1985. *The power of shame: A rational perspective*. London: Routledge.
- Hesselgrave, D J & Rommen, E 1989. *Contextualization: Meanings, methods and models*. Grand Rapids: Baker.
- Johnstone, B 1986. Arguments with Khomeini: Rhetorical situation and persuasive style in cross-cultural perspective. *Text* 6, 171-187.
- Joubert, S J 1990. Language, ideology and the social context of the letter of Jude. *Neotestamentica* 24 (2), 335-349.
- Kinghorn, J 1990. 'n Tuiste vir almal: 'n Sosiaal-teologiese studie oor 'n gesamentlike demokrasie vir Suid-Afrika. Stellenbosch: Sentrum vir Kontekstuele Hermeneutiek.
- Kraft, C H 1979. *Christianity in culture*. Maryknoll: Orbis.
- Malina, B J 1981. *The New Testament world: Insights from cultural anthropology*. Atlanta: John Knox.
- Malina, B J 1988. Religion in the world of Paul: A preliminary sketch. *BTB* 16, 92-101.

- Malina, B J 1989a. First century Mediterranean persons. Unpublished paper delivered at the Catholic Biblical Association 1989 meeting.
- Malina, B J 1989b. Dealing with Biblical (Mediterranean) characters : A guide for U.S. consumers. *BTB* 19, 127-141.
- Malina, B J & Neyrey, J H 1988. *Calling Jesus names: The social value of labels in Matthew*. Sonoma: Polebridge.
- May, D M 1987. *The role of the house and household language in the Markan social world*. Ann Arbor: United Microfilms International.
- Moxnes, H 1988. *The economy of the kingdom: Social conflict and economic relations in Luke's gospel*. Philadelphia: Fortress.
- Okabe, R 1983. Cultural assumptions of the East and the West: Japan and the United States, in Gudykunst, W B (ed), *Intercultural communication theory: Current perspectives*, 21-44. London: Sage.
- Pilch, J J 1990. Marian devotion and wellness spirituality : Bridging cultures. *BTB* 20, 85-94.
- Pitt-Rivers, J 1974. Honour and social status, in Peristiany, J G (ed), *The values of Mediterranean society*. Chicago: University Press.
- Potgieter, F J M 1969. Die Afrikaner se erfenis, in Naudé, M (red), *Die waardes van die Afrikaner*. Kaapstad: Nasionale Boekhandel.
- Rokeach, M 1973. *The nature of human values*. New York: The Free Press.
- Rose, M 1985. *Re-working the work ethic: Economic values and socio-cultural politics*. London: Batsford.
- Saunders, G R 1981. Men and women of southern Europe: Review of some aspects of cultural complexity. *Journal of Psychoanalytic Anthropology* 4, 435-466.
- Sarbaugh, L E 1988. *Intercultural communication*. Revised edition. Oxford: Transaction Books.
- Scheler, M 1973. *Formalism in ethics and non-formal ethics of values*, tr by M Fings & R Funk. Evanston: Northwestern University Press.
- Smit, D J 1991. Wat beteken 'die Bybel sê'? 'n Tipologie van lezerskonstrukte. *HTS* 47, 167-185.
- Stallmann, L S 1978. *Personal values, family values and central values: The interpersonal perception of these values and marital adjustment*. Ann Arbor: University Microfilms International.
- Trusted, J 1987. *Moral principles and social values*. London: Routledge.
- Walhout, D 1978. *The good and the realm of values*. Notre Dame: University Press.
- Wendland, E 1987. *The cultural factor in Bible translation: A study of communicating the Word of God in a central African cultural context*. London: UBS.